BEWARINGSBEWERKING

2,5 MILJOEN TON SOJA TEEN 2020

SUID-AFRIKA se sojaboonproduksie kan in die volgende ses jaar meer as verdubbel, sê mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting (PNS).

Die PNS stel 'n beraamde oes van 2,5 miljoen ton teen 2020 in die vooruitsig vanaf 1 miljoen ha se aanplantings, dus teen 'n gemiddelde opbrengs van 2,5 ton per ha. Dít sal dubbel vanjaar se rekord-opbrengs van gemiddeld 1,88 ton per ha wees.

Scholtemeijer was openingspreker op die KwaZulu-Natalse Geenbewerkingsklub se jaarlikse konferensie by Bergville.

Hy het op die groot uitbreidingspotensiaal vir dié gewas gewys, veral in die Vrystaat en Noordwes, waar dit 'n ideale wisselbougewas vir mielies is. Vrystaatse sojaboon-aanplantings groei reeds sterk. Dié provinsie het met vanjaar se oes Mpumalanga as die topproduserende sojaboonstreek verbygesteek.

Vanjaar se nasionale oes van 944 340 ton is wel die grootste in die geskiedenis, maar dit is maar nog 'n druppel aan die emmer, het Scholtemeijer gesê. Dit verteenwoordig net sowat 0,3% van die wêreldproduksie. Volgens hom is Suid-Afrika se gemiddelde opbrengs nog ver onder die wêreldstandaard.

Die PNS het besluit om in die volgende ses jaar voorrangsteun vir sojaproduksie in die Wes-Vrystaat en Noordwes te gee, spesifiek in die soeke na geskikte kultivars wat aalwurmbestand en meer droogteverdraagsaam is.

Die mikpunt is dat die nasionale verhouding tussen mielie- en soja-hektare teen 2020 70:30 moet wees. (In Amerika is dié verhouding al 50:50).

Scholtemeijer het gesê lande in die res van Afrika produseer al hoe meer mielies, wat Suid-Afrikaanse boere van dié uitvoermarkte ontneem. Daarby het die plaaslike sojaboonverwerking die laaste vier jaar vanaf 200 000 ton tot 650 000 ton gestyg, maar dit is nog nie naastenby genoeg om in die plaaslike behoefte te voorsien nie.

"Hoe jy ook al na sojabone kyk, is daar geen moontlikheid dat ons in die nabye toekoms 'n oorskot van enige van die gewas se produkte gaan produseer nie."

Dit alles sal help bydra tot 'n groeiende gaping tussen mielie- en sojaboonpryse, het Scholtemeijer gesê. -MARLEEN SMITH

UITVOER

Arabiere koop nou mielies by SA

SAOEDI-ARABIË het pas Suid-Afrika se jongste mielie-uitvoermark geword. Altesame 50 001 ton geel mielies is einde Augustus na dié land verskeep, berig die SA Graaninligtingdiens in sy jongste weeklikse in- en uitvoerverslag.

Dié nuus kom as 'n ligpunt te midde van swaar druk op mieliepryse vanweë die naasgrootste nasionale oes in die geskiedenis en 'n oorskot geelmielie-oes wat amper 406 000 ton groter is as verlede jaar s'n.

Die uitvoer na Saoedi-Arabië is die resultaat van werk wat Graan SA die laaste tyd gedoen het as deel van sy uitvoerstrategie om nuwe markte te ontwikkel. Nadat die Midde-Ooste as 'n potensiële mark geïdentifiseer is, het mnr. Wessel Lemmer, ekonoom by Graan SA, die gebied met die oog daarop einde verlede jaar besoek. "Die streek is 'n merkwaardige verbruiker van mielies. Suid-Afrika behoort as uitvoerder 'n liggingsvoordeel na dié gebied te hê," sê hy.

Graan SA het lede van die SA Graanverhandelaarsvereniging (Sacota) met die uitvoerpoging na Saudi-Arabië gelukgewens.

-MARLEEN SMITH

KONGRES

AGRI NOORDWES KIES NUWE LEIERS

Mnr. Pierre Vercueil (regs), voorsitter van die landboumaatskappy Suidwes en 'n boer van Setlagole, is op Agri Noordwes se kongres as die nuwe voorsitter verkies. Mnr. Daan van der Merwe (links) is die nuwe ondervoorsitter. Hy is Agri Noordwes se voorsitter van watersake en boer naby Skuinsdrif. *(Nog berigte en foto's van die kongres verskyn volgende week.)* FOTO: CARIEN KRUGER

KLIMAAT

Bewaar water of dok op

SUID-AFRIKA sal nooit sonder water wees nie, maar die verbruiker sal in die toekoms sy hand diep in sy sak daarvoor moet steek as waterhulpbronne nie met sorg gebruik word nie.

Die Parlement se portefeuljekomitee vir water en sanitasie het die impak van klimaatsverandering op dié hulpbron bespreek.

Pres. Jacob Zuma sal later vandeesmaand die klimaatberaad van dr. Ban Ki-moon, sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, in New York bywoon. Zuma sal bevestig dat Suid-Afrika nie gaan afwyk van sy belofte in 2009 op die internasionale klimaatberaad in Kopenhagen om bepaalde mikpunte vir die inkorting van kweekhuisgasvrystellings te bereik nie.

Komiteelede wou by die Departement van Water en Sanitasie weet of die land werklik teen 2020 sonder water sal wees as ingrypings nie plaasvind nie.

Dr. Mangi Mgquba, hoof van navorsing oor klimaatsverandering by die departement, het gesê daar is maniere om die land se waterbronne 'n hupstoot te gee – soos die ontsouting van seewater, maar dit sal beteken dat die verbruiker baie meer vir water sal moet betaal. "Hoe gouer die land kyk na opsies om die water wat hy het, optimaal te gebruik, kan verbruikers eers later duurder daarvoor betaal."

Dr. Chris Museki, wetenskaplike by die departement, het gesê hoewel die land nie 'n tekort aan water het nie, is daar 'n tekort aan drinkwater. "As Suid-Afrika nie sy bestuurstrategieë verander om volhoubaar te wees nie, sal sy water wat reg is vir menslike gebruik, opraak."

Hy het gesê dat Suid-Afrika in normale toestande onder die 30 droogste lande ter wêreld is. Wanneer die impak van klimaatsverandering bygereken word, is die prentjie erger.

Die departement beweeg nou na 'n stelsel waar damme vir veeldoelige gebruik opgerig word.

Me. Deborah Mochotlhi, adjunkdirekteur-generaal van waterbeplanning by die departement, het gesê gebiede wat tans nie water het nie, kry aandag. Boorgate word gesink en die grondwaterstrategie word hersien om te verseker dat dié gebiede voldoende oppervlakwater het. -JOYLENE VAN WYK